PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA
https://www.ppfkaapkerk.co.za / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

10 Julie 2023

PENSIOENVERHOGINGS: VAN STREEF NA 66,67% TOT 'N WAARBORG VAN 100%

Dit is lekker om 'n slag werklike goeie nuus aan die Predikante Pensioenfonds se pensioentrekkers te kan stuur.

Pensioentrekkers van die Predikante Pensioenfonds se pensioen word deur die Predikante Pensioenfonds gewaarborg. Dit het egter 'n risiko vir pensioentrekkers én gemeentes ingehou:

- Die Fonds het tot in die onlangse verlede daarna gestreef om jaarliks 'n pensioenverhoging van 66,67% van hooflyninflasie (VPI) aan pensioentrekkers te gee, maar die Fonds kon die verhogings nie waarborg nie. Indien pensioenverhogings minder as hooflyninflasie is, beteken dit dat 'n pensioenaris al minder met sy of haar pensioen kan koop. Pensioentrekkers trek dus al swaarder.
- Gemeentes het egter ook 'n risiko gehad. Gemeentes waarborg dat die pensioen wat pensioentrekkers ontvang, nooit minder mag word nie. Swakker opbrengste as gevolg van talle wêreldwye probleme soos Covid en oorloë, plus Suid-Afrika se eie probleme (soos beurtkrag, droogte, vloede en politieke probleme) én tesame met die langer lewensverwagting van pensioentrekkers, het die risiko vergroot dat daar 'n punt kon kom waar gemeentes vir die tekort sou moes instaan ten einde pensioentrekkers se pensioene te kon voortsit.

Die Beheerliggaam van die Predikante Pensioenfonds het reeds in Desember 2021 kennis geneem dat die pensioenarispoel kleiner word en dat ongeveer 200 van die pensioentrekkers ouer as 77 is. Met so 'n klein poel van pensioentrekkers raak die mortaliteitsondervinding baie wisselvallig. 'n Groter poel van pensioentrekkers is nodig om kruissubsidie goed te laat werk.

Dit het intussen duidelik geword dat 'n sameloop van omstandighede daartoe gelei het dat versekeraars tans 'n geleentheid aan pensioenfondse bied om pensioenarisverpligtinge teen 'n baie goeie prys te kan koop. Kwotasies is aangevra by 'n paar maatskappye. Die Beheerliggaam het Sanlam se kwotasie aanvaar en die Predikante Pensioenfonds het in April 2023 'n **inflasie-gekoppelde annuïteitspolis by Sanlam** in die naam van die Predikante Pensioenfonds aangekoop.

Hierdie inflasie-gekoppelde annuïteitspolis by Sanlam bied verskeie voordele:

- Sanlam **waarborg die huidige pensioene** én **waarborg pensioenverhogings van 100% van hooflyninflasie (VPI)**. Verhogings is steeds in Januarie, maar word bereken volgens die jaar op jaar hooflyninflasie soos in September van die vorige jaar.
- Pensioentrekkers **bly lede van die Predikante Pensioenfonds** en alle ander voordele en administratiewe maatreëls bly onveranderd. Pensioentrekkers het dus geen verandering in Mei en Junie se pensioene ondervind nie. Pensioentrekkers skakel steeds vir Elodie van der Walt (Administratiewe beampte) of vir ds Bossie Minnaar (die Hoofbeampte) oor enige pensioenfonds aangeleentheid. Ds Minnaar is van 1 April 2023, nadat die vorige hoofbeampte bedank het, weer die Predikante Pensioenfonds se hoofbeampte.
- Gemeentes (én die Predikante Pensioenfonds) hoef nie meer bekommerd te wees dat die pensioenaris portefeulje onvoldoende fondse sal hê om elke pensioentrekker se pensioen lewenslank te waarborg nie.

Die inflasie-gekoppelde annuïteitspolis het uiteraard ook daartoe gelei dat die Beheerliggaam nie meer die pensioenarisbates hoef te bestuur nie. Dit het gelei tot 'n laer diensfooi van die beleggingskonsultant.

Die Beheerliggaam het ook besluit om die aantal pensioentrekker trustees op die Beheerliggaam op 1 Mei 2023 van twee na een te verminder. **Ds Christo Alheit** dien steeds as die pensioentrekker trustee.

Hartlike groete

Ds Bossie Minnaar
Hoofbeampte
083 270 5211
bossie@kaapkerk.co.za